## 3. Omgeepapier 5-10 Februarie 2024

**Jona 1 en Hand 27 Hoe reageer JY wanneer die Here ons roep?**

1. **Lees Jona 1:1-3 (Die Here roep Jona om vir die wrede Assiriers te gaan preek, maar hy weier volstrek);** Een van ons vorige generasie "sendelinge", wat lank deur ons gemeente ondersteun is, het die film "The killing fields" oor TV gesien en is so in haar hart gepynig, dat sy haar werk gelos het en Kambodja toe gegaan het. Sy het omtrent 20 jaar daar gewerk om die evangelie aan die Kambodjane te verkondig. Sy kon nie hul taal praat nie; sy was nie 'n predikant nie, maar sy het Khmer, die Kambodjaanse taal aangeleer en het uiteindelik gehelp om Kambodjaanse mense op te lei om Bybelse opleidingsmateriaal te skryf! - **Vraag: Weet jy al waarvoor Ons Here, Jesus, jou geroep het. Hoe reageer JY daarop?**

2. **Lees Jona 4:10 - 11 (Jona se houding teenoor sy Sendingveld) Vraag: Hoe reageer ek en jy wanneer ons nuus kry oor** - die dodetal van die oorlog in Gaza, of Oekraïene, die wandade van die Nigeriërs, die konflik in Soedan, die probleme wat die Somaliese winkeliers in SA veroorsaak, die wandade van ISIS in Mosambiek, die probleme wat die Spruitslapers veroorsaak, die probleme van die skurke in Melgisedek hier naby ons? **Nog 'n Vraag: Hoe wil die Here hê ons moet daaroor reageer? Is ons gehoorsaam?**

3. **Lees Hand 27:21 - 25** (Paulus se houding teenoor sy medepasassiers); **Vraag: Watter verskil maak jou teenwoordigheid waar jy rondgaan?**

4. **Gebedsversoeke: Waarvoor kan ons bid? Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**